(1) Vir 'n oppervlakte van tot 12,500 Kaapse vierkante voet	9 37
(2) Vir elke bykomende 1,000 Kaapse vierkante voet of gedeelte daarvan van 'n oppervlakte wat 12,500 Kaapse vierkante voet oorskry tot en met 'n totale oppervlakte van 20,000 Kaapse vierkante voet	0 59
(3) Vir elke bykomende 5,000 Kaapse vierkante voet of gedeelte daarvan meer as 20,000 Kaapse vierkante voet	0 59

In gevalle waar verbeterings op enige sodanige stuk grond afsonderlik bewoon word in losstaande geboue, is hierdie tarief van toepassing op elke afsonderlike bewoonde gedeelte van so 'n stuk grond, sonder benadeling van enige bepalings van die Raad se dorpsaanlegskema.

For the purpose of this tariff the area of any portion of a piece of land in separate occupation shall be determined by dividing the area of such piece of land by the number of detached buildings in separate occupation thereon, and the quotient thus obtained shall be deemed to be the area of each portion of such piece of land in separate occupation: Provided that the occupation of outhouses by bona fide domestic servants shall not be deemed as separate occupation.

PART III.

DOMESTIC SEWAGE.

The owner of any land or buildings having a drainage installation thereon which is connected to the Council's sewers shall be liable to pay the following charges in addition to the charges imposed in terms of other Parts of this Schedule:—

	Per Half-year. R. c
1. Private dwelling-houses (each)	5 15
Provided that where in a private dwelling-house more than two living-rooms, not being a kitchen or a bathroom forming part of or used in conjunction with the dwelling-house are let to or allowed to be used by persons other than bona fide servants or members of the family of the owner or occupier of the dwelling-house, and a pecuniary benefit to the said owner or occupier results from the said letting or use, the said dwelling-house shall be deemed to be a lodging-house for the purposes of this Schedule and the charges laid down in item 2 shall be applicable to it	3 30
2. Residential flats, lodging-houses or rooms separately let as lodgings: For each living-room the area of which does not exceed 200 square feet, excluding kitchens, bathrooms, pantries and lavatories but including balconies which have been closed in and living-rooms occupied by servants of tenants	3 30
Provided that any such living-room exceeding 200 square feet in area shall be charged for as if it were two living-rooms.	
3. Composite premises comprising residential flats, lodging-houses or rooms separately let as lodgings and business premises under one roof—	
(1) For each living-room as specified in item 2	3 30
Provided that any such living-room exceeding 200 square feet in area shall be charged for as if it were two living-rooms.	
(2) For every 2,000 square feet or part thereof of the total floor areas in the building, including any basement or mezzanine floor, constructed, adapted or laid out for use for business purposes	5 15
4. Unlicensed hotels and their annexes and boarding-houses and their annexes: For every 1,000 square feet of their total floor area including any mezzanine floor or basement	5 15
5. Hotels and clubs licensed under the Liquor Act, 1928 (Act No. 30 of 1928) or any amendment thereof: For every 1,000 square feet or part thereof of the total floor area including any mezzanine floor or basement	6 07

Vir die toepassing van hierdie tarief word die oppervlakte van enige afsonderlike bewoonde gedeelte van 'n stuk grond bepaal deur die oppervlakte van so 'n stuk grond te verdeel deur die aantal losstaande en afsonderlik bewoonde geboue daarop, en die kwosient aldus verkry word, geag die oppervlakte te wees van elke afsonderlik bewoonde gedeelte van so 'n stuk grond: Met dien verstande dat die bewoning van buitegeboue deur bona fide-huisbediendes nie beskou word as afsonderlike bewoning nie.

DEEL III.

HUISHOUDELIKE RIOOLVUIL.

Die eienaar van grond waarop, of geboue waarin daar perseelrioolstelsels is wat met die Raad se straatriole verbind is, betaal, benewens die gelde wat ingevolge ander Dele van hierdie Bylae gevorder word, onderstaande gelde:—

	Per half-jaar. R. c
1. Private woonhuise (elk)	5 15
Met dien verstande dat waar daar in 'n private woonhuis meer as twee woonvertrekke, uitgesonderd 'n kombuis of 'n badkamer, wat deel uitmaak van of gebruik word saam met die woonhuis, verhuur word aan of gebruik word deur ander mense as bona fide-bediendes of lede van die gesin van die eienaar of bewoner van die woonhuis, en genoemde eienaar of bewoner geldelike voordeel uit genoemde verhuring of gebruik verkry, genoemde woonhuis vir die toepassing van hierdie Bylae as 'n huurkamerhuis beskou word en die gelde wat by item 2 voorgeskryf word, daarop van toepassing is	3 30
2. Woonstelle, huurkamerhuise of kamers wat afsonderlik as woonplek verhuur word: Vir iedere woonvertrek waarvan die vloeroppervlakte nie 200 vierkante voet oorskry nie uitgesonderd kombuisse, badkamers, spense en latrines, maar insluitende balkonne wat toegemaak is en woonvertrekke wat deur bediendes van huurders bewoon word	3 30
Met dien verstande dat indien die vloeroppervlakte van so 'n woonvertrek 200 vierkante voet oorskry, die gelde daarvoor bereken word asof dit twee woonvertrekke is.	
3. Gemengde persele wat uit woonstelle, huurkamerhuise of kamers wat afsonderlik as woonplek verhuur word, en besigheidspersele onder dieselfde dak bestaan:—	
(1) Vir iedere woonvertrek, soos dit in item 2 omskryf word	3 30
Met dien verstande dat, indien die vloeroppervlakte van so 'n woonvertrek 200 vierkante voet oorskry, die gelde daarvoor bereken word asof dit twee woonvertrekke is.	
(2) Vir iedere 2,000 vierkante voet of 'n gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte in die gebou, insluitende enige kelder- of tussenverdieping, wat vir besigheidsdoeleindes gebou, aangepas of ingerig is	5 15
4. Ongelisensieerde hotelle en hul bygeboue en losieshuise en hul bygeboue: Vir iedere 1,000 vierkante voet van hul totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	5 15
5. Hotelle en klubs wat ingevolge die Drankwet, 1928 (Wet No. 30 van 1928), soos gewysig, gelisensieer is: Vir iedere 1,000 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	6 07

	Per Half- year. R c
6. Composite premises comprising hotels or clubs licensed as aforesaid and business premises under the same roof:—	
(1) For every 1,000 square feet or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement, constructed, adapted or laid out for hotel or club purposes	6 07
(2) For every 2,000 square feet or part thereof of the total floor area, including any mezzanine floor or basement, constructed, adapted, or laid out for business purposes other than those of the hotel or club	5 15
7. Hostels (being boarding establishments forming part of an educational institution): For every 2,000 square feet or part thereof of the total floor area including any mezzanine floor or basement	5 15
8. Business or industrial premises other than those specifically mentioned elsewhere in this part of this Schedule: For every 2,000 square feet or part of that area of the total floor area including any mezzanine floor or basement	5 15
9. Churches or buildings used exclusively for public worship, each	5 15
10. Halls used for purposes connected with religion and from which no revenue is derived, each	5 15
11. Halls from which revenue is derived: For each 2,000 square feet or part of that area of the total floor area, including any mezzanine floor or basement	5 15
12. Charitable institutions duly registered as such according to law:—	
(1) For the first 20 inmates or less	2 71
(2) For every succeeding 20 inmates or part thereof	2 71
For the purposes of this charge the expression 'inmates' includes resident staff and servants, and the number of the inmates shall be calculated by reference to the average daily total thereof during the six-month period immediately preceding that to which the charge relates and shall be certified by the person in charge of the institution.	
13. Educational Institutions:—	
(1) For the first 20 persons or less	5 15
(2) For every succeeding 20 persons or part thereof	5 15
For the purposes of this charge the word 'persons' means day students boarding students, staff and servants whether resident or not, and the number of such persons shall be calculated in the manner prescribed for charitable institutions in terms of item 12.	
14. Sports grounds belonging to clubs, but not including such grounds belonging to educational institutions and used by the scholars thereof:—	
(1) Where charges are made for the admission of spectators: For every 300 or part of that number of seats ...	5 15

	Per half- jaar. R c
6. Gemengde persele wat uit hotelle of klubs wat gelisensieer is soos voornoem, en besigheidspersele onder dieselfde dak bestaan:—	
(1) Vir iedere 1,000 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping, wat vir hotel- of klubdoeleindes gebou, aangepas of ingerig is	6 07
(2) Vir iedere 2,000 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping, wat vir besigheidsdoeleindes, uitgesonderd vir 'n hotel of klub gebou, aangepas of ingerig is	5 15
7. Koshuise (dit wil sê losieshuise wat deel uitmaak van 'n opvoedkundige inrigting): Vir iedere 2,000 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	5 15
8. Besigheids- of nywerheidspersele, uitgesonderd dié wat uitdruklik elders in hierdie deel van dié Bylae gemeld word: Vir iedere 2,000 vierkante voet of 'n gedeelte van dié oppervlakte van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	5 15
9. Kerke of geboue wat uitsluitlik vir openbare godsdiensoefening gebruik word, elk	5 15
10. Sale wat gebruik word vir doeleindes wat met godsdien verband hou en waaruit geen inkomste verkry word nie, elk	5 15
11. Sale waaruit inkomste verkry word: Vir iedere 2,000 vierkante voet, of 'n gedeelte van die oppervlakte van die totale vloeroppervlakte, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	5 15
12. Liefdadigheidsinrigtings wat behoorlik by wet as sodanig geregistreer is:—	
(1) Vir die eerste 20 inwoners of minder	2 71
(2) Vir iedere daaropvolgende 20 inwoners of gedeelte daarvan	2 71
Vir die berekening van hierdie gelde omvat die woord 'inwoners' ook inwonende personeel en bediendes, en moet die getal inwoners bereken word volgens hulle gemiddelde daaglikse totaal gedurende die tydperk van ses maande wat die tydperk waarvoor die geld gevorder word, onmiddellik voorafgegaan, en moet die getal deur die persoon wat in beheer van die inrigting staan as juis gesertifiseer word.	
13. Opvoedkundige inrigtings:—	
(1) Vir die eerste 20 persone of minder	5 15
(2) Vir iedere daaropvolgende 20 persone of gedeelte daarvan	5 15
Vir die berekening van hierdie gelde beteken die woord 'persone' dagstudente of leerlinge, kosgangers, personeel en bediendes, of hulle inwoon of nie, en hul getal word bereken op die wyse wat vir liefdadigheidsinrigtings ingevolge item 12 voorgeskryf is.	
14. Sportterreine wat aan klubs behoort, uitgesonderd dié wat aan opvoedkundige inrigtings behoort en deur hulle studente of leerlinge gebruik word:—	
(1) Waar toeskouers toegang moet betaal: vir iedere 300 of gedeelte van dié getal sitplekke	5 15

	Per Half-year. R c
(2) (a) In respect of any clubhouse	9 70
(b) For the first 100 or less persons including members and staff	5 15
(c) For every succeeding 100 persons, or part thereof	5 15
This charge shall be based on the number, to be certified by the secretary of the club for the six-month period preceding that to which the charges relates, of members of any kind appearing in the club's register, or otherwise recognized as members, and of the staff and servants employed at the club's premises.	
15. Public conveniences, including those owned or controlled by the Council: For every 50 square feet or part thereof, of the total floor area of the building	5 15
16. Power stations: For every 4,000 square feet or part thereof of the total floor area of the building including any mezzanine floor or basement	5 15
17. Premises used for the purpose of a furniture storage business: For every 5,000 square feet or part thereof of the total floor area of the building including any mezzanine floor or basement	5 15
18. Bantu compounds:—	
(1) For the first 20 inmates or less for whom accommodation is provided therein	5 15
(2) For every succeeding 20 Bantu as aforesaid or part thereof	5 15
The accommodation of a compound shall be taken as that certified by the person in charge thereof as at the end of the six-month period preceding that for which the charge is being made: Provided that this charge shall not be payable in respect of any compound used for the accommodation of Bantu the number of whom is taken into account for the purpose of calculating the amount of any other charge payable in terms of this Schedule.	
19. Open-air motor-car parking ground where a charge is made for parking: For every 5,000 square feet or part thereof of the total area of the ground	5 15
20. Timber-yards, coal-yards, second-hand material yards, scrap-yards and other similar premises: For every 2,000 square feet or part thereof of the total area	5 15
21. Buildings which are wholly unoccupied and are in the course of erection	9 70
22. Hospitals, nursing homes and convalescent homes: For every 10 or part of that number of persons including patients, members of resident staff and resident servants, for whom accommodation is certified by the person in charge of the premises to have been available at the end of the preceding calendar year	5 15"

The provisions of this notice shall come into operation on 1st January, 1967.

T.A.L.G. 5/34/13.

	Per half-year. R c
(2) (a) Ten opsigte van 'n klubgebou ...	9 70
(b) Vir die eerste 100 persone of minder, insluitende lede en personeel	5 15
(c) Vir iedere daaropvolgende 100 persone, of gedeelte daarvan ...	5 15
Hierdie geld word bereken volgens die getal lede van enige aard wie se name in die klub se register verskyn, of wat andersins as lede erken word, en die getal personeellede en bediendes wat op die klub se perseel werksaam is, soos gesertifiseer deur die sekretaris van die klub, ten opsigte van die tydperk van ses maande wat die tydperk waarvoor die geld gevorder word, voorafgaan.	
15. Openbare latrines, insluitende dié wat behoort aan, of beheer word deur, die Raad: Vir iedere 50 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte van die gebou	5 15
16. Kragentrales: Vir iedere 4,000 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte van die gebou, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	5 15
17. Persele wat vir 'n meubelopbergbesigheid gebruik word: Vir iedere 5,000 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale vloeroppervlakte van die gebou, insluitende enige tussen- of kelderverdieping	5 15
18. Bantoe-kampongs:—	
(1) Vir die eerste 20 Bantoe-inwoners of minder, aan wie daar huisvesting verskaf word	5 15
(2) Vir iedere daaropvolgende 20 Bantoes, soos voornoem, of gedeelte daarvan	5 15
Hierdie geld word bereken volgens die getal inwoners van die kampong, soos gesertifiseer deur die persoon wat in beheer daarvan is, aan die einde van die tydperk van ses maande wat die tydperk waarvoor die geld gevorder word, voorafgegaan: Met dien verstande dat hierdie geld nie betaalbaar is ten opsigte van 'n kampong wat gebruik word as huisvesting vir Bantoes wie se getal in aanmerking geneem word vir die berekening van enige ander bedrag wat ingevolge hierdie Bylae betaalbaar is nie.	
19. Opelugmotorparkeerterreine waar daar parkeerplek betaal moet word: Vir iedere 5,000 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte van die terrein	5 15
20. Houtwerwe, steenkoolwerwe, werwe vir tweedehandse goedere, rommelwerwe, en ander dergelike persele: vir iedere 2,000 vierkante voet, of 'n gedeelte daarvan, van die totale oppervlakte daarvan	5 15
21. Geboue wat heeltemal leeg staan en in aanbou is	9 70
22. Hospitale, verpleeginrigtings en herstellings-tehuise: Vir iedere 10 persone, of 'n gedeelte daarvan, insluitende pasiënte, lede van die inwonende personeel en inwonende bediendes, vir wie daar, soos deur die persoon in beheer van die perseel gesertifiseer, aan die einde van die voorafgaande kalenderjaar huisvesting beskikbaar was	5 15"

Die bepalinge van hierdie kennisgewing tree in werking op 1 Januarie 1967.

T.A.L.G. 5/34/13.

Administrator's Notice No. 981.] [30 November 1966.
AMERSFOORT MUNICIPALITY.—AMENDMENT
TO TOWN LANDS BY-LAWS.

The Administrator hereby in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Town Lands By-laws of the Amersfoort Municipality, published under Administrator's Notice No. 108, dated the 8th February, 1950, as amended, are hereby further amended by the substitution for Schedule A of the following:—

“SCHEDULE A.

Grazing fees payable in terms of section 3:—

- (1) For the first cow, payable quarterly in advance, per month: 10c.
- (2) Thereafter up to a maximum of 4 cows including the first cow in terms of item 1, payable quarterly in advance, per cow, per month: 25c.”

T.A.L.G. 5/95/43.

Administrator's Notice No. 982.] [30 November 1966.
JOHANNESBURG MUNICIPALITY.—AMEND-
MENT TO BUILDING BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Building By-laws of the Johannesburg Municipality, published under Administrator's Notice No. 455, dated the 29th September, 1941, as amended, are hereby further amended by the substitution for section 282 *bis* (with the exception of the Schedule thereto), of the following:—

“POSTERS.

Posters Prohibited in Central Area.

282 *bis* (1) No person shall in or in view of any street or other public place within the area defined in the Schedule to this section, display or cause, permit or suffer to be displayed any poster or other advertisement (which expression in this section includes any advertising device), to advertise any meeting, function or event of a sporting, educational, charitable, political or other character or the candidature or nomination of any person for, or other interest of any person in, an election to Parliament, the Transvaal Provincial Council or the Council.

Permission for Posters.

(2) No Person shall in or in view of any street or other public place outside the area defined in the Schedule to this section and inside the municipality display or cause, permit or suffer to be displayed any poster or other advertisement as described in subsection (1) unless he has first obtained the permission of the Council, to be given in writing under the hand of the City Engineer: Provided that no permission shall be given for the display of any poster or other similar advertisement having reference to any commercial undertaking or activity or to any activity which in the opinion of the City Engineer is primarily or mainly of a commercial character.

Requirements for Posters.

(3) Any person who, in the exercise of a permission granted in terms of subsection (2), displays or causes or suffers to be displayed in a street or other public place a poster or other advertisement, shall comply with or cause to be complied with the following requirements:—

- (a) The poster or other advertisement shall be attached, in such a manner that it will not become wholly or partially dislodged by wind or rain, to a neat and strong board made of wood or other suitable

Administrateurskennisgewing No. 981.] [30 November 1966.
MUNISIPALITEIT AMERSFOORT.—WYSIGING
VAN VERORDENINGE OP DORPSGRONDE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge op Dorpsgronde van die Munisipaliteit Amersfoort, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 108 van 8 Februarie 1950, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Bylae A deur die volgende te vervang:—

„BYLAE A.

Weigelde betaalbaar ingevolge artikel 3:—

- (1) Vir die eerste koei, kwartaalliks vooruitbetaalbaar, per maand: 10c.
- (2) Daarna tot 'n maksimum van 4 koeie met inbegrip van die eerste koei ingevolge item 1, kwartaalliks vooruitbetaalbaar, per koei, per maand: 25c.”

T.A.L.G. 5/95/43.

Administrateurskennisgewing No. 982.] [30 November 1966.
MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG.—WYSIGING
VAN BOUVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Bouverordeninge van die Munisipaliteit Johannesburg, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 455 van 29 September 1941, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur artikel 282 *bis* (uitgesonderd die Bylae daarby) deur die volgende te vervang:—

„PLAKKATE.

Plakkate in middestad verbode.

282. *bis* (1) Niemand mag in of in sig van 'n straat of 'n ander openbare plek binne die gebied wat in die Bylae by hierdie artikel omskryf word, 'n plakkaat of ander advertensie (dié uitdrukking omvat in hierdie artikel enige advertensietoestel) vertoon, laat vertoon, toelaat of duld dat dit vertoon word nie met die doel om 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms vir sport-, opvoedkundige-, liefdadigheids-, politieke- of ander doeleindes, of iemand se kandidaatskap of nominasie vir, of ander belang by, 'n Parlements-, Transvaalse Provinsiale Raads- of 'n Raadsverkiezing te adverteer nie.

Vergunning om plakkate aan te bring.

(2) Niemand mag in of in sig van 'n straat of 'n ander openbare plek buite die gebied wat in die Bylae by hierdie artikel omskryf word en binne die munisipaliteit 'n plakkaat of ander advertensie, soos dit in subartikel (1) beskryf word, vertoon, laat vertoon, toelaat of duld dat dit vertoon word nie, tensy hy eers die skriftelike vergunning van die Raad, wat deur die Stadsingenieur onderteken moet word, verkry het: Met dien verstande dat geen vergunning verleen word om 'n plakkaat of ander soortgelyke advertensie te vertoon wat betrekking het op 'n handelonderneming of -bedrywigheid of op enige bedrywigheid wat na die mening van die Stadsingenieur in die eerste plek of hoofsaaklik van 'n kommersiële aard is nie.

Vereistes in verband met plakkate.

(3) Enigiemand wat uit hoofde van 'n vergunning wat ingevolge subartikel (2) verleen is, in 'n straat of ander openbare plek 'n plakkaat of 'n ander advertensie vertoon, laat vertoon of duld dat dit vertoon word, moet aan die volgende vereistes voldoen of sorg dat dit nagekom word:—

- (a) Die plakkaat of ander advertensie moet, op so 'n wyse dat dit nie vanweë wind of reën heeltemal of gedeeltelik sal los raak nie, aan 'n netjiese en sterk bord van hout, of 'n ander geskikte materiaal

material approved by the City Engineer, and neither such board or other material nor the poster or advertisement itself shall measure more than 36 inches by 24 inches.

- (b) A board or material as prescribed in terms of paragraph (a) shall not be placed on or against or attached to or otherwise supported by any transformer box, electricity or telegraph pole, traffic light or sign or other structure or thing erected by the Council, the Provincial Council or the Government of the Republic, or, save by means of cord or strong string, be attached to any tree growing in a street, park or other public place.
- (c) Without prejudice to anything contained in paragraph (b) a board or material as prescribed in terms of paragraph (a) shall be firmly fastened to a strong and stable support by wire of gauge not exceeding 8 and not less than 10 standard wire gauge.
- (d) No board or material as aforesaid shall be placed in such a situation or fastened in such a manner as is likely in the opinion of the Council, to constitute a danger to any vehicular traffic or pedestrian in any street or other public place.
- (e) No poster or other advertisement relating to a meeting, function or event other than an election, shall be displayed for longer than 14 days before the day on which it begins or longer than three days after the day on which it ends.
- (f) Not more than 40 posters or other advertisements shall be displayed at any one time relating to any meeting, function or event other than an election, and any person who displays or causes, permits or suffers to be displayed any such poster or other advertisement, shall first have furnished the Council with a statement, in writing, as to the street in or in view of which and the intersection nearest to which every such poster or other advertisement will be displayed.

Election Posters.

(4) (a) The requirements prescribed in the succeeding paragraphs of this subsection shall be complied with in respect of posters or other advertisements relating to a Parliamentary, Provincial or municipal election: Provided that nothing in this subsection contained shall apply to a poster or other advertisement relating to such an election which—

- (i) is located entirely inside fixed premises, that is to say, is displayed elsewhere on such premises than on an exterior wall or on the outside of any fence forming the apparent boundary of the premises;
- (ii) is displayed in or on a private motor vehicle parked or being driven in a street or other public place in the course of its normal use as such a vehicle;
- (iii) is displayed at the committee rooms, clearly marked as such, of a candidate in the election; or
- (iv) is affixed to a hoarding licensed for the display of advertisements.

(b) In respect of each candidate not more than 100 posters or other advertisements shall be exhibited at any one time in any municipal ward and not more than 200 shall be so exhibited in any parliamentary constituency.

(c) No poster or other advertisement shall be displayed for longer than the period extending from the beginning of the day of nomination to the end of the fourth day after midnight of the day of the election.

(d) Advertisements may be displayed in the form of banners not exceeding in size three feet by twelve feet, or in number three in each municipal ward and five in each parliamentary constituency.

wat die Stadsingenieur moet goedkeur, bevestig word, en nóg die bord of ander materiaal, nóg die plakkaat of advertensie self mag groter as 36 duim by 24 duim wees nie.

- (b) 'n Bord of materiaal ingevolge paragraaf (a) voorgeskryf, mag nie geplaas word op of teen, of bevestig word aan, of andersins gestut word deur, 'n transformatorkas, geleid- of telegraafpaal, verkeerslig of -teken of ander bouwerk of ding wat deur die Raad, die Provinsiale Raad of die Regering van die Republiek opgerig is nie of, tensy dit met 'n tou of 'n sterk lyn geskied, aan 'n boom wat in 'n straat, park of ander openbare plek staan, bevestig word nie.
- (c) Behoudens enige bepaling in paragraaf (b) vervat, moet 'n bord of materiaal voorgeskryf ingevolge paragraaf (a), met draad van 'n standaarddraadmaat van uitsers 8 en minstens 10 styf vasgeheg word aan 'n sterk en stewige stut.
- (d) Geen bord of materiaal, soos voormeld, moet op so 'n plek geplaas word of op so 'n wyse bevestig word dat dit na die Raad se mening 'n gevaar vir voertuigverkeer of voetgangers in 'n straat of op 'n ander openbare plek inhou nie.
- (e) Geen plakkaat of ander advertensie met betrekking tot 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms, uitgesonderd 'n verkiesing, mag langer as 14 dae voor die dag waarop dit 'n aanvang neem of langer as 3 dae ná die dag waarop dit geëindig het, vertoon word nie.
- (f) Uitsers 40 plakkate of ander advertensies wat betrekking op 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms, uitgesonderd 'n verkiesing het, kan op dieselfde tyd vertoon word, en iemand wat enige sodanige plakkaat of ander advertensie vertoon, laat vertoon of toelaat of duld dat dit vertoon word, moet eers 'n skriftelike verklaring aan die Raad verstrek waarin hy meld in watter straat of in-sig van watter straat elke sodanige plakkaat of ander advertensie vertoon sal word, en wat die naaste straatkruising is.

Verkiesingsplakkate.

(4) (a) Daar moet aan die vereistes wat in die volgende paragrawe van hierdie subartikel voorgeskryf word, voldoen word ten opsigte van plakkate of ander advertensies wat op 'n Parlements-, Provinsiale Raads- of munisipale verkiesing betrekking het: Met dien verstande dat niks wat in hierdie subartikel vervat is, betrekking het op 'n plakkaat of ander advertensie betreffende sodanige verkiesing wat—

- (i) heeltmaal binne 'n vaste perseel aangebring is, dit wil sê wat op 'n ander plek op so 'n perseel aangebring is as op 'n buitemuur of aan die buitekant van 'n heining wat kennelik die grens van die perseel uitmaak;
- (ii) vertoon word in of op 'n private motorvoertuig wat geparkeer is of in 'n straat of op 'n ander openbare plek bestuur word terwyl sodanige voertuig vir sy gewone doel gebruik word;
- (iii) vertoon word by 'n verkiesingskandidaat se komiteekamers wat duidelik as sodanig aangedui moet wees; of
- (iv) bevestig is aan 'n skutting wat vir die vertoon van advertensies gelisensieer is.

(b) Daar kan ten opsigte van iedere kandidaat uitsers 100 plakkate of ander advertensies op dieselfde tyd in enige munisipale wyk, en uitsers 200 in enige parlementêre kiesafdeling vertoon word.

(c) Geen plakkaat of ander advertensie mag langer as 'n tydperk wat strek van die begin van die nominasiedag tot die einde van die vierde dag na middernag van die verkiesingsdag vertoon word nie.

(d) Advertensies kan in die vorm van baniere wat uitsers drie voet by twaalf voet groot is, vertoon word en daar kan uitsers drie hiervan in elke munisipale wyk, en vyf in elke parlementêre kiesafdeling wees.

Number of Posters.

(5) The number of posters or other advertisements displayed at any one time in relation to any one public meeting or in relation to any other single function or event, not being an election, shall not exceed 200.

Deposits.

(6) No poster or other advertisement shall be placed in a street or other public place, whether or not by virtue of permission given in terms of subsection (2), unless there has first been paid to the Council by way of deposit the appropriate sum below mentioned, that is to say—

- (a) in respect of every poster or other advertisement not relating to an election, the sum of R10 for every 50 or part of that number;
- (b) in respect of posters or other advertisements relating to any election, R20 for every ward and R40 for every constituency irrespective of the number of posters displayed;
- (c) in respect of every banner as referred to in subsection (4), (d), R10 if the banner relates to a municipal election, and R20 if it relates to a Provincial or Parliamentary election.

Removal of Posters.

(7) Every deposit paid in terms of subsection (6) shall, subject to the provisions of subsection (8), be refunded when, and not before, all the posters or other advertisements to which the deposit relates, have been removed to the satisfaction of the Council.

(8) Any person who, having displayed or caused to be displayed any advertisement, fails to remove it or cause it to be removed within the periods prescribed in terms of subsection (3) (e) or subsection (4) (c), shall be guilty of an offence and shall, in addition to any penalty imposed upon him in terms of subsection (9) (a), forfeit the deposit relating to it, made in terms of subsection (6) or such proportionate part of that deposit as the Council shall assess having regard to the number of posters or advertisements not removed.

Offences.

(9) (a) Any person who displays or causes or suffers to be displayed any poster or other advertisement in or in view of any street or other public place without having obtained permission to do so in terms of subsection (2) and any person who, having obtained permission as aforesaid, fails in respect of a poster or advertisement to comply with any requirement of this section or who otherwise contravenes any provision thereof shall be guilty of an offence and liable on conviction thereof to a penalty not exceeding R100 (one hundred rand).

(b) When any person is charged with an offence under this section relating to any poster or other advertisement the onus shall rest on him of proving that he neither displayed the poster or other advertisement nor caused, permitted or suffered it to be displayed.

(c) Any person who displays or causes, permits or suffers to be displayed in or in view of any street or other public place any poster or other advertisement and any person, other than a police officer or other person charged with the enforcement of these by-laws, who is authorized by the person responsible for the display of the poster or other advertisement to remove it shall be deemed to be the displayer thereof so long as it is displayed as aforesaid.

(d) Any person who is either alone or jointly with any other person responsible for organizing, or in control of, any meeting, function or event to which a poster or other advertisement relates shall, until the contrary be proved, be deemed to have displayed or to have caused, permitted or suffered to be displayed every poster which is displayed relating to that meeting, function or event.

Getal plakkaate.

(5) Daar mag met betrekking tot enige enkele openbare vergadering of met betrekking tot enige ander enkele geleentheid of byeenkoms, uitgesonderd 'n verkiesing, nie meer as 200 plakkaate of ander advertensies op dieselfde tyd vertoon word nie.

Deposito's.

(6) Daar mag, hetsy daar ingevolge die bepalings van subartikel (2) vergunning daartoe verleen is of nie, geen plakkaat of ander advertensie in 'n straat of op 'n ander openbare plek geplaas word nie, tensy die toepaslike bedrag wat hieronder genoem word, by wyse van 'n deposito aan die Raad betaal is—

- (a) ten opsigte van iedere plakkaat of ander advertensie wat nie op 'n verkiesing betrekking het nie, R10 vir elke 50 of gedeelte van dié getal;
- (b) ten opsigte van plakkaate of ander advertensies wat op enige verkiesing betrekking het, R20 vir iedere wyk en R40 vir iedere kiesafdeling, ongeag die getal plakkaate wat vertoon word;
- (c) ten opsigte van iedere banier wat in subartikel (4) (d) genoem word, R10 as die banier betrekking het op 'n munisipale verkiesing, en R20 as dit betrekking het op 'n Provinsiale Raads- of Parlements-verkiesing.

Verwydering van plakkaate.

(7) Iedere deposito wat ingevolge subartikel (6) betaal is, word behoudens die bepalings van subartikel (8), terugbetaal wanneer al die plakkaate of ander advertensies waarop die deposito betrekking het, tot voldoening van die Raad verwyder is, en nie voor die tyd nie.

(8) Iemand wat, nadat hy 'n advertensie vertoon of laat vertoon het, versuim om dit te verwyder of te laat verwyder binne die tydperke wat by subartikel (3) (e) of subartikel (4) (c) voorgeskryf is, begaan 'n misdryf en benewens enige boete wat hy ingevolge subartikel (9) (a) moet betaal, verbeur hy ook die deposito met betrekking tot die advertensies wat ingevolge subartikel (6) betaal is of 'n deel van dié deposito wat die Raad in verhouding tot die getal plakkaate of advertensies wat nie verwyder is nie, kan bepaal.

Misdrywe.

(9) (a) Iemand wat in of in sig van 'n straat of 'n ander openbare plek 'n plakkaat of ander advertensie vertoon of laat vertoon of duld dat dit vertoon word sonder dat hy ingevolge subartikel (2) vergunning daartoe verkry het, en iemand wat, nadat hy die betrokke vergunning verkry het, ten opsigte van 'n plakkaat of advertensie versuim om te voldoen aan die bepalings van hierdie artikel of wat andersins enige bepaling daarvan oortree, begaan 'n misdryf en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 (honderd rand).

(b) Wanneer iemand ingevolge hierdie artikel aangekla word van 'n misdryf met betrekking tot 'n plakkaat of advertensie, rus die bewyslas op hom en moet hy bewys dat hy nie dié plakkaat of ander advertensie vertoon het nie en dit nie laat vertoon of toegelaat of geduld het dat dit vertoon word nie.

(c) Iemand wat 'n plakkaat of ander advertensie in of in sig van 'n straat of ander openbare plek vertoon, laat vertoon of toelaat of duld dat dit daar vertoon word en enigiemand anders, uitgesonderd 'n polisiebeampte of ander persoon wie se plig dit is om hierdie verordeninge toe te pas, wat deur dié persoon wat vir die vertoning van dié plakkaat of ander advertensie verantwoordelik is gemagtig is om dit te verwyder, word as die vertoner daarvan beskou terwyl dit vertoon word soos dit hierbo uiteengesit is.

(d) Iemand wat, hetsy alleen of saam met iemand anders, verantwoordelik is vir die reëling van, of wat in beheer staan van, 'n vergadering, geleentheid of byeenkoms waarop 'n plakkaat of ander advertensie betrekking het, word, tot tyd en wyl die teendeel bewys is, beskou as dié persoon wat elke plakkaat wat vertoon word en wat op daardie vergadering, geleentheid of byeenkoms betrekking het, vertoon, laat vertoon, of toegelaat of geduld het dat dit vertoon word.

(e) The owner and the occupier of land or premises on which any poster or other advertisement is displayed in contravention of this section shall be deemed to be guilty of an offence unless in either case he proves that he did not know of or could not by the exercise of reasonable diligence have known of or prevented such display.

(f) The Council shall be entitled without giving notice to anyone itself to remove and destroy any advertisement displayed without its permission having been obtained in terms of subsection (2) or in contravention of any provision of this section or which has not been removed within the period specified in terms of subsection (3) (e) or subsection (4) (c), or which constitutes in any respect a contravention of the provisions of this section, and the person who displayed any such advertisement or caused, permitted or suffered it to be displayed shall be liable to refund to the Council the cost, to be assessed and deducted by the Council from the deposit made, of the said removal and destruction, and in addition shall be guilty of an offence.

(10) This section may be cited for all purposes as "The Posters and Advertisements By-laws of the City of Johannesburg being section 282 *bis* of the Building By-laws of that City."

T.A.L.G. 5/19/2.

Administrator's Notice No. 983.]

[30 November 1966.

JOINT MUNICIPAL MEDICAL AID FUND (TRANSVAAL).—AMENDMENT OF REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section 79 *bis* (6) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of the said section.

The Regulations of the Joint Municipal Medical Aid Fund (Transvaal) published under Administrator's Notice No. 825, dated the 27th October, 1965, are hereby amended as follows:—

1. By the substitution for the full-stop at the end of regulation 1 (xxiv) of a comma and the addition thereafter of the following:—

"and who is not regarded by the Department of Labour as a subsidised labourer."

2. By the substitution for the full-stop at the end of regulation 6 (e) of a semi-colon and the insertion thereafter of the following:—

"(f) any person who was over the age of 60 years and was not a member of another medical scheme when he became an employee shall not be admitted as a member of the fund."

3. By the substitution for the full-stop at the end of regulation 7 (5) of a colon and the addition thereafter of the following:—

"Provided that the committee may acknowledge as a dependant a child which is supported by a member away from its parents or mother and in respect of which an application for an order of adoption has been made, if the increased membership fees, where applicable, have been paid and the commissioner of child welfare to whom such application has been directed has advised the secretary in writing that such application is being considered by him."

4. By the re-numbering of regulation 10 (1) as 10 (1) (a), and the insertion thereafter of the following:—

"(b) The committee may request a town clerk to convene a meeting of employees of an employer for the purpose of considering any matter connected with the fund and in such case the provisions of paragraphs 2, 3 and 4 of Annexure C shall be applicable to such meeting."

(e) Daar word geag dat die eienaar en die okkupant van grond of 'n perseel waarop 'n plakkaat of ander advertensie strydig met hierdie artikel vertoon word, 'n misdryf begaan het tensy hy in enigeen van dié gevalle bewys dat hy nie van die vertoning van die plakkaat of advertensie geweet het nie, of dat hy nie deur 'n redelike mate van waaksaamheid aan die dag te lê, daarvan kon geweet het of dit kon verhinder het nie.

(f) Die Raad kan, sonder om enigiemand daarvan kennis te gee, self enige advertensie verwyder en vernietig wat sonder dat sy vergunning ingevolge subartikel (2) verkry is of wat in stryd met enige bepaling van hierdie artikel vertoon word, of wat nie verwyder is binne die tydperk wat ingevolge subartikel (3) (e) of subartikel (4) (c) voorgeskryf is nie, of wat in enige opsig strydig is met die bepalings van hierdie artikel, en die persoon wat enige sodanige advertensie vertoon het of dit laat vertoon het, of toegelaat of geduld het dat dit vertoon word, is verplig om aan die Raad die koste van genoemde verwydering en vernietiging, wat deur dié Raad bepaal en van die gestorte deposito afgetrek moet word, te vergoed, en is boonop skuldig aan 'n misdryf.

(10) Hierdie artikel heet vir alle doeleindes "Die Plakkaat- en Advertensieverordeninge van die Stad Johannesburg, naamlik artikel 282 *bis* van die Bouverordeninge van dié stad."

T.A.L.G. 5/19/2.

Administrateurskennisgewing No. 983.]

[30 November 1966.

GEMEENSKAPLIKE MUNISIPALE MEDIESE HULPFONDS (TRANSVAAL). — WYSIGING VAN REGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 79 *bis* (6) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge genoemde artikel goedgekeur is.

Die Regulasies van die Gemeenskaplike Munisipale Mediese Hulpfonds (Transvaal), afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 825 van 27 Oktober 1965 word hierby soos volg gewysig:—

1. Deur aan die end van regulasie 1 (xxiv) die punt deur 'n komma te vervang en die volgende daarna by te voeg:—

"en wat nie deur die Departement van Arbeid as 'n gesubsidieerde arbeider beskou word nie;"

2. Deur aan die end van regulasie 6 (e) die punt deur 'n kommapunt te vervang en die volgende daarna in te voeg:—

"(f) enige persoon wat bo die ouderdom van 60 jaar was en nie 'n lid van 'n ander mediese skema was toe hy 'n werknemer geword het nie, nie 'n lid van die fonds kan word nie."

3. Deur aan die end van regulasie 7 (5) die punt deur 'n dubbelpunt te vervang en die volgende daarna by te voeg:—

"met dien verstande dat die komitee 'n kind wat deur 'n lid weg van sy ouers of moeder onderhou word en ten opsigte van wie 'n aansoek om 'n aannemingsbevel gedoen is, as 'n afhanklike kan erken as die verhoogde ledegeld, waar van toepassing, betaal is en die kommissaris van kindersorg aan wie so 'n aansoek gerig is, die sekretaris skriftelik meegedeel het dat so 'n aansoek deur hom oorweeg word."

4. Deur regulasie 10 (1) te hernoem 10 (1) (a), en die volgende daarna in te voeg:—

"(b) Die komitee kan 'n stadsclerk versoek om 'n vergadering van werknemers van 'n werkgever te belê met die doel om enige aangeleentheid te oorweeg wat met die fonds in verband staan en in so 'n geval is die bepalings van paragrafe 2, 3 en 4 van Bylae C op so 'n vergadering van toepassing."

5. By—

(a) the re-numbering of regulation 13 (3) as 13 (3) (a) and the insertion thereafter of the following:—

“(b) The delegate of the employees shall be appointed in the manner laid down in Schedule C”; and

(b) the substitution for the word “three” in regulation 13 (6) of the word “six”.

6. By—

(a) the insertion in Schedule A after item (c) of Tariff IV of the following:—

“(d) 50 per cent of medicines and material for injections and vaccinations supplied during the stay in hospital, including anaesthetic and disinfectant material used in the operating theatre.”;

(b) the substitution in Schedule A for the word “confinement” in the fifth line of Tariff V of the expression “normal confinement and R90 for confinement involving Caesarian section”; and

(c) the substitution in Schedule A for item (h) of Tariff VI of the following:—

“(h) 80 per cent of the cost of dental services including dental x-rays and services rendered in connection with oral and maxillo-facial surgery, with the following limitations—

(i) dentures, repair of dentures, crown and bridge work: combined maximum of R50 per member per annum;

(ii) orthodontic treatment: maximum of R50 per member per annum; and

(iii) gold and metal fillings: at the cost of ordinary fillings.”;

(d) the insertion in Schedule A after the word “vaccinations” in the second line of Tariff VII of the following:—

“, excluding medicines and material mentioned in item (d) of Tariff IV.”;

(e) the substitution in Schedule A for item (e) of Tariff VIII of the following:—

“(e) 80 per cent of the cost of ambulance services to the nearest provincial hospital or in respect of transport from one hospital to another where such transport is used on the instructions of a medical practitioner”; and

(f) the insertion in Schedule A after the word “salary” in Tariff IX of the following:—

“as arranged with the committee.”.

7. By the addition after Schedule B of the following:—

“SCHEDULE C.

APPOINTMENT OF DELEGATES OF EMPLOYEES IN TERMS OF REGULATION 13 (3).

1. A meeting of employees of each employer shall be held before the thirty-first day of March of each year, for the purpose of appointing a delegate to attend the annual general meeting of the fund.

2. Such meeting of employees shall be convened by the town clerk of each employer, and he shall furnish each employer at least fourteen days before the date thereof with a notice indicating the date, time and place of the meeting and enclosing the agenda.

3. (a) One tenth of the employees of an employer shall be a quorum of such meeting.

(b) If within fifteen minutes after the time fixed for the meeting there is no quorum, the meeting shall be postponed, to the same day and time of the next week, and the employees then present shall form a quorum: With the proviso that if the same day of the following week falls on a public holiday, the meeting shall be postponed to the first working day after the holiday.

5. Deur—

(a) regulasie 13 (3) te hernoem 13 (3) (a) en die volgende in te voeg:—

“(b) Die afgevaardigde van die werknemers word benoem op die wyse soos in Bylae C bepaal.”; en

(b) in regulasie 13 (6) die woord „drie” deur die woord „ses” te vervang.

6. Deur in Bylae A—

(a) die volgende na item (c) van Tarief IV in te voeg:—

“(d) 50 persent van medisyne en materiaal vir inspuitings en inentings verskaf gedurende verblyf in die hospitaal met inbegrip van narkose- en ontsmettingsmiddels in die operasiesaal gebruik.”;

(b) die woord „bevalling” in die vierde reël van Tarief V deur die uitdrukking „normale bevalling en R90 per bevalling deur middel van ’n keisersnee” te vervang;

(c) item (h) van Tarief VI deur die volgende te vervang:—

“(h) 80 persent van die koste van tandheelkundige dienste insluitende tandheelkundige x-strale en dienste gelewer ten opsigte van mond-, gesigs- en kaakchirurgie, met die volgende beperkings—

(i) kunsgebit, herstel van kunsgebit, kroon- en brugwerk: gesamentlike maksimum van R50 per lid per jaar; en

(ii) ortodontiese behandeling: maksimum van R50 per lid per jaar; en

(iii) goud- en metaalvullings: teen koste van gewone vullings.”;

(d) in Tarief VII na die woord „inentings” in die tweede reël die volgende in te voeg:—

“, uitgenome medisyne en materiaal in item (d) van Tarief IV genoem.”;

(e) item (e) van Tarief VIII deur die volgende te vervang:—

“(e) 80 persent van die koste van ambulansdienste na die naaste provinsiale hospitaal of ten opsigte van die vervoer van een hospitaal na ’n ander waar sodanige vervoer in opdrag van ’n mediese praktisyn geskied.”; en

(f) in Tarief IX na die woord „paaieimente” die volgende in te voeg:—

“, soos met die komitee ooreengekom.”;

7. Deur na Bylae B, die volgende by te voeg:—

„BYLAE C.

BENOEMING VAN AFGEVAARDIGDES VAN WERKNEMERS INGEVOLGE REGULASIE 13 (3).

1. ’n Vergadering van werknemers van elke werkgewer word voor die een-en-dertigste dag van Maart van elke jaar gehou met die doel om ’n afgevaardigde te benoem om die algemene jaarvergadering van die fonds by te woon.

2. So ’n vergadering van werknemers word deur die stadsklerk van elke werkgewer belê en hy rig ’n kennisgewing wat die datum, tyd en plek van die vergadering vermeld en waarby die agenda ingesluit word, minstens veertien dae voor die datum daarvan aan elke werknemer.

3. (a) Een-tiende van die werknemers van ’n werkgewer is ’n kworum van so ’n vergadering.

